# GELOOF WAT WERK

## Deel 7 – Hoe om te bid vir jou probleme

### AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe het dit die afgelope week gegaan met jou voorneme om 'n volgende stap te neem na aanleiding van laas week se studie?**

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle ŉ sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Hoe en waar het jy die meeste oor gebed geleer?**

**Dink jy daar is 'n regte en 'n verkeerde manier om te bid? Verduidelik.**

**Wat is gewoonlik jou eerste reaksie as jy slegte nuus kry of jou planne deurmekaar gekrap word? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Daniël 6:1-12. Wat was Daniël se eerste reaksie nadat hy die slegte nuus oor die nuwe dekreet gehoor het? Hoe vergelyk dit met jou bogenoemde, eerste reaksie?**

**Hoekom dink jy is dit belangrik om 'n "gewoonte" van gebed te kweek soos Daniël?**

**Watter tipe gebede het Daniël gebid volgens hierdie gedeelte? Hoe vergelyk dit met jou gebede op die oomblik?**

**Jesaja 59:2; Spreuke 28:9; Psalm 66:18; Johannes 9:31. Watter effek het ons lewe op ons gebede volgens hierdie verse? Het jy al ooit die effek van 'n rein lewe op jou gebedslewe bedink? Verduidelik.**

**Jakobus 1:6. Wat beteken dit om gelowig te bid?**

**Lees Jakobus 4:3. Wat is dinge waarvoor jy tans bid en die Here vertrou? Hoe sal jy jou onderliggende motiewe van hierdie gebede beskryf? Hoe kan ons bepaal of ons motiewe in lyn met God se wil is? Hoe kan jy verkeerde motiewe verander?**

**Skryf 'n paar dinge neer waarvoor julle as kleingroep saam kan bid en spandeer dan genoeg tyd om daaroor te bid.**

---

---

---

---

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

---

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**

---

---

---